Kammaland Landgoed Estate

Lees Bushveld Breeze by www.adverta.co.za

Oktober 2009

Word deel van die Natuur

Kammaland Landgoed in die rustige Bosveld 17 km vanaf Naboomspruit bied ’n rustige en gehalte leefstyl aan inwoners wat permanent of in vakansietye van die stadsgewoel wil ontvlug na hulle eie skuilplek. Erwe waarop huise volgens voorskrif gebou kan word, en ’n beperkte getal woonwastaanplekke kan gekoop word.

Kammaland Landgoed beskik reeds oor groot warm- en kouewater swembaddens, ’n kinderspeelpark, ontspanningsaal en heelwat wild soos rooibokke, blesbokke, waterbokke en bosbokke wat vry binne die sekuriteitsomheining rondloop. In ’n volgende fase word volledige sekuriteit en toegangbeheer ingestel en word ’n mini gimnasium,’‘n haar- en naelsalon, ’n restaurant en nood mediese sorg beplan.

Huise

Ongeveer 100 erwe, baie daarvan met fraai uitsigte oor die Waterberge en die omgewing, word te koop aangebied teen pryse wat wissel van R150 000 tot R350 000. Die erwe wissel in grootte van 450m² to 625m². Eienaars moet ’n huis van minstens 75m² volgens die reëls van die skema binne 5 jaar na koop op die erf bou. Vir estetiese redes sluit hierdie reëls bv. teeldakke in. ’n Gerespekteerde konstruksiemaatskappy waarvan kopers gebruik kan maak is op die terrein.

Maandelikse heffings vir onbeboude erwe is R200 en vir beboude erwe R750.50. Alle kostes vir water, vullisverwydering ens is by die maandelikse heffing ingesluit, behalwe elektrisiteit, wat deur ’n stelsel van voorafbetaal meters voorsien word.

Woonwastaanplekke

Elke woonwastaanplek is ’n minimum van 10m X 15m groot met sy eie, moderne kombuis en badkamer. ’n Betonvloer van 7m X 7m word by elke staanplek voorsien. Woonwaens kan permanent op Kammaland gelaat word.

Slegs 33 woonwastaanplekke is by Kammaland beskikbaar, waarvan ’n hele aantal reeds verkoop is. Die prys vir staanplekke is R110 000 en R150 000, met ’n maandelikse heffing van R200.

Algemeen

Wanneer eienaars nie hulle huise of woonwastaanplekke gebruik nie, kan dit namens hulle vir ’n handige inkomste uitverhuur word.

Kammaland Landgoed word soos ’n mini-dorp ontwikkel met strate, beligting, vullisverwydering en munisipale krag. Eienaars moet ag slaan op ’n stel huisreëls om die rustigheid van die Landgoed en die bewaring van die natuur te verseker.

Kammaland Landgoed is ’n geregistreerde aandeleblokskema in terme van Wet 59 van 1980, soortgelyk as die meeste woonstelle aan die Durbanse strandfront. Dit verseker die veiligheid van die belegging en kapitaalgroei oor tyd. Die skema word deur die eienaars as aandeelhouers bestuur.

Navrae: 014 743 1968